# REËLS EN REGULASIES VIR DIE FONDS VIR VOORGRAADSE KONFERENSIEAANBIEDINGS EN VOORGRAADSE PUBLIKASIE AANSPORINGS

## 1. DOELSTELLING

Die doelstelling van die Fonds vir Voorgraadse Konferensieaanbiedings en Voorgraadse Publikasie Aansporings is om geregistreerde voorgraadse studente in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) van gedeeltelike of volle finansiering te voorsien om konferensies by te woon ten einde die resultate van hul navorsing aan te bied, en om die publikasie van voorgraadse navorsingsresultate aan te moedig in portuurbeoordeelde vaktydskrifte wat by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) geakkrediteer is.

## 2. BESTUUR EN ADMINISTRASIE

Die Visedekaan (Navorsing) is verantwoordelik vir die bestuur van die fonds. Toekennings sal op ’n mededingende grondslag, op grond van meriete sowel as na gelang van die beskikbare begroting gemaak word.

## 3. KWALIFISERINGS-KRITERIA

3.1. Vir **toekennings vir konferensieaanbiedings**:

Alle voorgraadse geregistreerde studente in die FGGW, Universiteit Stellenbosch, wat graag ’n konferensie wil bywoon om die resultate aan te bied van navorsing wat hulle as deel van hul voorgraadse studie onderneem het, kan om **toekennings vir konferensieaanbiedings** aansoek doen. In geval van studentegroepprojekte waar meer as een lid van die groep die resultate van dieselfde projek by ’n konferensie wil aanbied, sal slegs een toekenning per groep gemaak word, wat studente dan onderling kan verdeel om hul konferensiebywoning te finansier.

3.2 Vir **aansporingstoekennings vir publikasies**, ‘n FGGW-personeellid (US- òf gedeelde aanstelling) wat beide mede-outeur van ‘n DHOO-geakkrediteerde, eweknie-geëvalueerde publikasie EN hoofstudieleier van ‘n voorgraadse student is, met die student as mede-outeur van die geakkrediteerde gepubliseerde artikel wat uit ‘n voorgraadse navorsingsprojek gespruit het. Publikasies wat uit voorgraadse studente-navorsingsprojekte spruit en wat aan die kriteria voldoen, mag tot hoogstens twee jaar na die graduering van die gelyste studente mede-outeurs ingedien word. ‘n Publikasie aansporingstoekenning van R10,000 sal in die departementele (K) kostepunt inbetaal word, met die vereiste dat die toekenning tot voorgraadse navorsing aangewend sal word op een of meer van die volgende wyses:

i) ‘n gedeelte of die totale toekenning as ‘n studentebeurs vir studente mede-outeur/s uitbetaal word ;

ii) die befondsing van huidige of toekomstige voorgraadse studente navorsingsprojekte;

iii) as aansporing vir huidige of toekomstige studente om hul navorsing te publiseer.

**4. INDIENING EN SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE**

4.1. Aansoeke om **toekennings vir konferensieaanbiedings** moet vir oorweging by die Afdeling Navorsingsontwikkeling en -steun (FGGW) ingedien word. Die volgende sperdatums geld:[1]

- **1 Mei** (vir reise na en van konferensies tussen Junie en Oktober)
- **1 Oktober** (vir reise na en van konferensies tussen November en Mei)

4.2. Aansoeke vir publikasie aansporingsbefondsing kan enige tyd deur die jaar by die Navorsingsontwikkeling en –steun voorgelê word*. Aansoeke behoort by die Afdeling Navorsingsontwikkeling en -steun (FGGW) ingedien te word hetsy sodra die finale gepubliseerde weergawe van die artikel in die tersaaklike vaktydskrif verskyn, of sodra bewys van aanvaarding vir publikasie van die tydskrifredakteurs ontvang is, met dien verstande dat die finale gepubliseerde weergawe van die artikel in laasgenoemde geval ingedien word sodra dit verskyn. Publikasies wat uit voorgraadse studente-navorsingsprojekte spruit en wat aan die kriteria voldoen, mag tot hoogstens twee jaar na die graduering van die gelyste studente mede-outeurs ingedien word. *Alle Publikasie Aansporings Fonds aansoeke sal elke jaar tussen 1 Mei en 30 Mei hersien word en daarna sal die aansoeker in kennis gestel word van die uitkoms.

**5. RIGLYNE EN OORWEGINGS VIR TOEKENNINGS**

Alle navorsing vereis etiekgoedkeuring van die Gesondheidsnavorsingsetiekkomitee (GNEK). Alle aansoekers wat om hetsy toekennings vir konferensieaanbiedings of aansporingstoekennings vir publikasies aansoek doen, sal moet bewys lewer dat hul navorsing met die etiekgoedkeuring van die GNEK onderneem is, in die vorm van ’n goedkeuringsbrief van die GNEK.

5.1. Vir **toekennings vir konferensieaanbiedings** sal die volgende riglyne geld:

a) Die aansoek moet ondersteun word deur ’n studieleier wat as ’n akademiese personeellid of ’n geakkrediteerde buitedosent van die FGGW dien, sowel as deur die departement-/afdelingshoof.

b) Wanneer ’n toekenning gemaak word, moet die studieleier die toewysing of skep van ’n geskikte kostepunt in die betrokke departement/afdeling fasiliteer waarin die fondse inbetaal kan word.

---

[1] Hierdie twee rondtes sal uitsluitlik na die goeddunke van die fondsbestuurder aangekondig word. Ingeval finansiering beperk is, kan daar in enige betrokke jaar minder aansoekrondtes wees.

c) Finansiering kan gebruik word vir uitgawes verbonde aan konferensiebywoning (soos registrasiegeld, reiskoste en verblyf), soos dit in die ingediende begroting verskyn.

d) Aansoeke moet bestaan uit ’n voltooide aansoek vorm (UCP-02-2020) sowel as die stawende dokumente wat die aansoekvorm vereis. Hardekopie aansoeke sal nie toegelaat word nie.

e) ’n Persoon sal gewoonlik slegs een toekenning vir die duur van sy/haar voorgraadse opleiding ontvang. Meer as een toekenning kan egter gemaak word in gevalle waar ’n vorige toekenning uitgeloop het op ’n navorsingspublikasie in ’n vaktydskrif wat by die DHOO geakkrediteer is, en mits ’n verslag oor die vorige toekenning vir ’n konferensieaanbieding ontvang en goedgekeur is.

f) Studente wat die resultate wil aanbied van navorsing wat in hul finale studiejaar onderneem is, kan nog om toekennings vir konferensiebywoning tot en met ses maande na hul gradueringsdatum aansoek doen, met dien verstande dat hul studieleier ’n skriftelike motivering voorsien.

g) Konferensie-opsommings, -aanbiedings, -plakkate en -artikels behoort duidelik te vermeld dat die student verbonde is aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe van die Universiteit Stellenbosch.

h) Studente wat voorheen ondersteuning van die Aansporingsfonds vir Voorgraadse Navorsing ontvang het, kom in aanmerking om om finansiering vir konferensieaanbiedings aansoek te doen, met dien verstande dat ’n volledige verslag ooreenkomstig die vereistes van voormelde fonds ontvang en goedgekeur is.

i) Alle studente wat toekennings vir voorgraadse konferensieaanbiedings ontvang, moet binne ’n maand ná die betrokke konferensiebywoning ’n verslag by die fonds indien.

j) Enige fondse wat nie teen die einde van ’n tydperk van ses maande na die datum van die toekenningsbrief aangewend is nie, sal teruggaan na die fonds.

k) Finansiering is beperk en die toestaan van toekennings vir konferensieaanbiedings geskied dus onderworpe aan die beskikbare begroting en op grond van die gehalte van aansoeke.

5.2. Vir **<u>aansporingstoekennings vir publikasies</u>** geld die volgende riglyne:

a) Aansoeke moet uit ’n voledige aansoek vorm (UPI-02-2020) bestaan en die ondersteuningsdokumente soos in die aansoekvorm bepaal. Hardekopie aansoeke sal nie toegelaat word nie.

b) Aansoeke om aansporingstoekennings vir publikasies behoort vergesel te word van hetsy ’n afskrif van die gepubliseerde artikel soos dit in die vaktydskrif verskyn het, of bewys van aanvaarding vir publikasie van die tydskrifredakteurs sowel as die finale weergawe van die ingediende artikel, met dien verstande dat die finale gepubliseerde artikel in laasgenoemde geval ingedien word sodra dit verskyn.

c) Slegs publikasies wat verband hou met navorsing of werk wat as deel van geregistreerde voorgraadse studie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe onderneem is, sal oorweeg word.

d) Studente wat as eerste outeurs optree, moet hul verbondenheid aan die FGGW van die Universiteit Stellenbosch duidelik onder die outeursaffiliasies op die publikasie aandui. Dieselfde fondse vir hoofstudieleiers wat as mede-outeurs op die publikasie verskyn en om 'n aansporingstoekenning vir die publikasie aansoek doen.

e) Aansporingstoekennings vir publikasies sal slegs toegestaan word aan artikels wat vir 'n subsidie van die DHOO in aanmerking kom ooreenkomstig DHOO-kriteria ten tyde van die publikasie.

f) Aansporingstoekennings vir publikasies sal slegs toegestaan word aan hoofstudieleiers wat as mede-outeurs saam met FGGW voorgraadse studente, wat die navorsing as deel van hul graadstudies onderneem het, gelys is, of aan ingevolge paragraaf 3.2.

g) 'n Opsomming van elke outeur se bydrae tot die artikel moet saam met die aansoek ingedien word.

h) Aansporingstoekennings vir publikasies sal nie toegestaan word aan artikels wat langer as 12 maande voor die ontvangs van die aansoek gepubliseer is nie.

j) Aansporingstoekennings vir publikasies sal slegs in 'n departementele/navorsingskostesentrum inbetaal word. Daar sal van studieleiers wat hierdie toekenning ontvang verwag word om dit op een of meer van die volgende wyses aan te wend:

- i) 'n gedeelte of die totale toekenning as 'n studentebeurs vir studente mede-outeur/s uitbetaal word;
- ii) die befondsing van huidige of toekomstige voorgraadse studente navorsingsprojekte;
- iii) as aansporing vir huidige of toekomstige studente om hul navorsing te publiseer.

## 6. GETAL AANSOEKERS WAT MET TOEKENNINGS VIR KONFERENSIEAANBIEDINGS ONDERSTEUN SAL WORD

6.1. In geval van meer as een studenteaansoek uit dieselfde graadprogram om toekennings vir konferensieaanbiedings by dieselfde konferensie, sal die hoof van die betrokke departement of program oor die meriete van die aansoeke geraadpleeg word met die oog daarop om 'n finale besluit te neem oor wie finansiering behoort te ontvang. Die getal toekennings wat gemaak word, sal van die beskikbare begroting afhang.

6.2. Waar 'n konferensieplakkaat of -aanbieding uit 'n groepprojek spruit, sal slegs die student wat die aanbieding behartig, befonds word om die konferensie by te woon. In geval van studentegroepprojekte waar meer as een lid van die groep die resultate van dieselfde projek by 'n

konferensie wil aanbied, sal slegs een toekenning per groep gemaak word, wat studente dan onderling kan verdeel om hul konferensiebywoning te befonds.

**7. MAKSIMUM TOEKENNINGS**

**7.1.** **Toekennings vir voorgraadse konferensieaanbiedings:**[2] Studente wat navorsingsprojekte as deel van hul voorgraadse studie in die FGGW onderneem en graag hul bevindinge, artikels of plakkate by ’n konferensie wil aanbied, kan om die toekenning vir konferensieaanbiedings aansoek doen. Koste wat gedek word, sluit in konferensieregistrasiegeld, reis- en verblyfkoste, ’n stipendium en aanbiedingsverwante uitgawes (soos plakkaatdrukwerk) tot en met R10,000. Buiten in uitsonderlike omstandighede (sien paragraaf 6 hierbo), sal slegs een toekenning per navorsingsprojek gemaak word.

**7.2.** **Aansporingstoekenning vir voorgraadse publikasies:** Toekennings van R10,000 per kwalifiserende publikasie in ’n DHOO-geakkrediteerde, portuurbeoordeelde vaktydskrif sal gemaak word aan hoofstudieleiers wat as mede-outeurs verskyn op artikels waar die voorgraadse studente, onder hul studieleiding en uit wie se navorsingsprojekte die publikasie spruit, as mede-outeurs gelys is. Aansporingstoekennings vir publikasies sal slegs in ‘n departementele/navorsingskostesentrum (k kostepunt) inbetaal word en moet tot voorgraadse navorsing aangewend word (paragraaf 5.2j).

**8. RIGLYNE VIR VOORLEGGINGS**

**8.1.** Aansoeke en ondersteuningsdokumente moet elektronies (deur e-pos) en op die nuutste weergawe van die relevante aansoek vorm (UCP-02-2020 vir toekennings vir konferensieaanbiedings en UPI-02-2020 vir aansporingstoekennings vir publikasies) in getikte vorm ingedien word.

**8.2.** Aansoeke moet al die dokumente (aanhegsels) insluit wat die tersaaklike aansoek vorm vereis.

**8.3.** Aansoeke wat laat ingedien word of onvolledig of verkeerd ingevul is, sal nie in aanmerking geneem word nie.

**8.4.** Aansoeke moet deur die aansoeker se primêre toesighouers hersien en afgeteken word.

**8.5.** Die ondertekende, elektroniese afskrif van die aansoek én vereiste aanhangsels moet voor of op die aangeduide sperdatum vir die rondte ingedien word.

**8.6.** Slegs een aansoek per persoon kan gedurende enige bepaalde aansoekrondte ingedien word.

---

[2] Aansoekers moet die Universiteit Stellenbosch se Reisbeleid raadpleeg vir die regulasies oor die besprekingsprosedure en toelaatbare bedrae vir reise.

**8.7.** Aansoekers behoort binne ’n maand na die betrokke sperdatum van die uitkoms verwittig te word. Toekennings sal oorbetaal word na die tersaaklike kostepunt wat deur die aansoeker verskaf is.

## 9. VERSLAGDOENINGSVEREISTES VIR TOEKENNINGS VIR KONFERENSIEAANBIEDINGS

**9.1.** Elke suksesvolle aansoeker wat ’n toekenning vir ’n voorgraadse konferensieaanbieding ontvang, moet binne ’n maand ná die reisdatum na die konferensie ’n verslag indien.

**9.2.** Die verslag behoort op die FVK(V)-08-2015-vorm ingedien te word en moet ’n kritiese beoordeling van die konferensieverrigtinge en -aanbieding insluit, sowel as ’n uiteensetting van uitgawes wat aangegaan is. Die narratiewe gedeelte van die verslag moenie twee getikte A4-bladsye oorskry nie en behoort onder studente en personeel binne die tersaaklike navorsingsgroep/departement/afdeling/sentrum/eenheid versprei te word.

**9.3.** Suksesvolle kandidate mag versoek word om hulself en/of hulle groepslede beskikbaar te stel vir die maak van ‘n kort videogreep waarop hulle praat oor hulle ervarings tydens hulle navorsing, wat op die webruimte van die Nagraadse Navorsingskantoor geplaas kan word.

## 10. KONTAK

Me Inge Sonn, Hoof: Kantoor vir Voorgraadse Navorsing, Navorsingsontwikkeling en -steun, Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. E-pos: ingeks@sun.ac.za. Telefoon: 021 938 9181.